

11 November

Esegiël 18:1-32 (18:31)

Hou op om ander te blameer

Het u al gevoel dat ons swaarkry omdat ons voorgeslagte gesondig het? Die pa's het groen duiwe geëet en die kinders se tande het stomp geword. Hiermee worstel Israel in ballingskap en blameer, net soos ons, ander vir hulle swaarkry en sonde. Die Here antwoord hierdie klag: As Skepper beskik Hy oor almal. Beide die vader en die seun behoort aan Hom en Hy kan en sal die een wat gesondig het straf. Elkeen is verantwoordelik vir sy eie daad. My erfsonde, of dit wat in die verlede gebeur het, verhinder my nie om nou te leef volgens al die gebooie van God nie. Iemand wat reg leef sal nie aan afgodery deelneem nie, sal nie egbreuk of owerspel pleeg nie, sal nie iemand verdruk nie, sal goed teruggee wat hy in pand geneem het, sal nie steel nie, maar sal kos en klere gee aan die armes, sal nie geld op rente uitleen nie, sal reg laat geskied in sake tussen mense en elke dag lewe volgens al die voorskrifte van die Here. So word die dubbele liefdesgebod prakties nagekom.

Indien iemand wat regverdig lewe 'n ongehoorsame kind het, sal die kind self boet vir sy sonde. Die sondelyn het 'n einde. As die sondige een 'n kind het wat volgens die gebooie van die Here lewe sal hy bly lewe. Die voortgang van die sonde kan gestop word deur skuldbelydenis en bekering. Alhoewel die mens in sonde ontvang en gebore is en meegesleur kan word deur die sonde van die voorvaders en sy eie groep, is elkeen verantwoordelik vir sy eie lewe. Moenie jou sonde op 'n ander afskuif om jouself te regverdig nie. Vergewe hulle wat teen jou gesondig het en bekeer jouself. God se barmhartigheid roep ons om alles te doen wat Hy vra. Hou op om ander te blameer. Laat God u gees vernuwe om uitdankbaarheid te leef tot sy eer.

Sing: Psalm 25:4, 6

Dr. S.J. van der Merwe (Duineveld)